Pretoria- 2 Februarie 2014

Skriflesing: Deuteronomium 6:13; Psalm 24; Mattheus 5:33-37; 26:57-68
Kategismus: **Sondag 37**
Sing: Psalm 48:4; Psalm 86:3; Psalm 89:3,17

Deuteronomium 6:13

Deu 6:13 Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer.

Psalm 24

Psa 24:1 'n Psalm van Dawid. Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;
Psa 24:2 want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.
Psa 24:3 Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?
Psa 24:4 Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.
Psa 24:5 Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy heil.
Psa 24:6 Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek—dit is Jakob. Sela.
Psa 24:7 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
Psa 24:8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.
Psa 24:9 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
Psa 24:10 Wie is dan tog die Erekoning? Die HERE van die leërskare—Hy is die Erekoning! Sela

Mattheus 5:33-37

Mat 5:33 Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou.
Mat 5:34 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is;
Mat 5:35 ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning;
Mat 5:36 ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.
Mat 5:37 Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.

Mattheus 26:57-68

Mat 26:57 En die wat Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na Kájafas, die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes en die ouderlinge vergader het.
Mat 26:58 En Petrus het Hom van ver af gevolg tot by die paleis van die hoëpriester, en hy het ingegaan en by die dienaars gaan sit om die einde te sien.
Mat 26:59 En die owerpriesters en die ouderlinge en die hele Raad het valse getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak, en niks gevind nie.
Mat 26:60 En alhoewel daar baie valse getuies gekom het, het hulle niks gevind nie.
Mat 26:61 Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.
Mat 26:62 Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U?
Mat 26:63 Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?
Mat 26:64 Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.
Mat 26:65 Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!

Mat 26:66 Wat dink julle? En hulle antwoord en sê: Hy is die dood skuldig.
Mat 26:67 Toe het hulle in sy aangesig gespuug en Hom met die vuis geslaan,
Mat 26:68 en ander het Hom met stokke geslaan en gesê: Profeteer vir ons, Christus! Wie is dit wat U geslaan het?

Kategismus

Sondag 37

101* Vraag*: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?
Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).
(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.

102* Vraag*: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?
Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer (a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).
(a) 2 Kor I:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.

Skriflesing: Deuteronomium 6:13; Psalm 24; Mattheus 5:33-37; 26:57-68
Kategismus: **Sondag 37**
Sing: Psalm 48:4; Psalm 86:3; Psalm 89:3,17

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Ons belydenis is nog steeds besig met die derde gebod. Verlede jaar in Sondag 36 het ons die heiligheid van God se Naam bely. Ons het gesien dat ’n vals en onnodige eedswering oortreding van die derde gebod is. Interessant dat ’n hele volgende Sondag afdeling dan aan die saak van eedswering in ons belydenis afgestaan word. Beslis nie om dowe neute nie, want as ons die geskiedenis van die Kategismus hierby bring dan is die saak van eedswering sekerlik die afdeling wat die Rooms-Katolieke kerk destyds die gereformeerdes se lewens op die mees growwe wyse opgeëis het, hulle letterlik doodgemartel het, in stukkies opgekerf het

Sondag 37as u dit lees dan kleef hieraan die reuk van martelaarsvure. Gereformeerdes is in getalle doodgemaak. Daarom die uitgebreide belydenis.

Die eed is nie net geoorloof nie, maar dit is vir ons gebiedend noodsaaklik. Deuteronomium 6:13 laat ons saam met die Here se volk sê – *Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer…..* dit is ‘’n goddelike opdrag. Deur die eed erken ons dat daar vir ’n land ’n owerheid moet wees. Wie ook al die owerheid is, ons as kerk is bereid om ’n eed te sweer **as die owerheid dit van sy onderdane eis…..**

Die wederdopers of ook genoem die Anabaptiste en hulle geesteskinders stem nie saam nie. Die Anabaptiste was geheel en al teen aardse regerings en so ook teen eedswering gekant. Tipies ’n sekte, het hulle dan ook die sterk neiging gehad om die hele lewe te vergeestelik. Aardse regerings moet nie meer daar wees nie, hulle gesag word misken en uitgedaag en selfs omvêrgegooi.

Die Roomse owerheid neem ordentlik weerwraak en toe die Heidelbergse Kategismus omtrent dertig jaar na 1533 opgestel is, was die vervolgingsvure nog lank nie geblus nie. Die gereformeerde Ursinus en Olevianus, die opstellers van die belydenis het toe die geleentheid gebruik om deur ons belydenis die vervolging te stop. Die Roomse kerk moes verstaan hoe ons vanuit die Here se Woord die derde gebod kragtens eedswering verstaan.

Die eed of om te sweer is uit die Bybel beslis geregverdig, ons moet dit net reg gebruik. Die nag van Christus se dood is daardie een eedswering op die ander. Onder eed word daar leuens deur die Sanhedrin vertel en selfs die hoëpriester lieg onder eed. In skreeuende stem, wilde gebaar en skeurende klere word Christus van meineed beskuldig. Dit is leuens, valse leuens, valse eedswering wat gemaak het dat Christus die pad na Golgota moes stap. Dit is deel van Christus se lyding, dat Hy wat die Waarheid is, die gestalte van ’n mens moes aanneem wat kan lieg. Van Hom word ‘’n eed geverg asof sy getuienis nie vertrou kan word nie. Watter krenking en vernedering!? Sien u die bittere lyde by Jesus, selfs net wanneer Hy moet sweer. Die laaste giftige druppel uit die beker van onreg, die druppel van leuens moes Hy ook uitdrink.

Petrus se mond daarbuite sweer ’n valse eed. Waarlik, ek ken die Man nie. Die bek van ’n haan sou dit uitkraai!..... Daarbinne voor die Sanhedrin staan ons Here Jesus Christus. Die hele verhoor staan onder ‘’n eed. Selfs Jesus is bereid om onder eed te getuig. As ons nie mag gesweer het nie, dan sou Jesus mos die Eerste een wees om die eed van die hand te wys, maar Jesus doen dit nie. Die hoëpriester, Kajafas lê dan ook klem op die eed as hy vir Jesus se – *Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is.* Dan antwoord Jesus vir hom – *u het dit gesê.* Jesus beantwoord die eed. Jesus bevestig die eed, Hy weier dit nie. In Jesus mag ons ook onder eed geplaas word.

So kan u seker saamstem dat die eed beslis in die Woord van God gegrond is. In die paradys het die eed beslis nie ‘’n plek gehad nie, maar na die paradys waar die waarheid nie meer

geleef word nie, moes God die eed instel om die leuens in ons leuen wêreld te keer. Die eed word gebruik om die duiwel te keer. Die duiwel wat die vader is van die leuen, soos daar in Johannes 8 staan *dat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan*…..Die duiwel het die eed nodig gemaak. Dit is juis deur die duiwel waar ons in die laaste dae vanaf die hemelvaart van Christus leuens op leuens moet aanskou en dit sal erger word……Die leuengees is 'n tydsgees wat werk soos 'n groot onuitblusbare veldbrand. Die Psalms sing dit uit – ALLE MENSE IS LEUENAARS. Paulus skryf dit uit – ELKE MENS IS LEUENAGTIG……In die ryk van die antichris sal die gelowiges valslik beskuldig word, dood gepropageer, dood gelieg, dood gelaster word. Ons weet wat wag, daarom het ons die Here se Wet so nodig.

Die derde gebod het ons nodig om ook deur die eed ons aan God te verbind. Die eed is ''n verbondsteken, want die eed erken God se bestaan, maar die eed wil ook God se alomteenwoordigheid en God se alwetendheid bely. Ons het ook vanaand in Psalm 24 gelees dat God wil sy Naam oor die ganse skepping uitroep. In beurtsange sing die volk terwyl hulle optrek na die heiligdom. Hulle sing van God se vastigheid. Hulle sing van die waarheid, hulle sing van die heilige vrees in hulle harte, maar dan sing hulle ook dat God *rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid* <u>*en nie vals sweer nie…..*</u> *Die Here sterk en geweldig, die Here geweldig in die stryd en* dan moet ons weet, God is ook geweldig in die leuenstryd, die stryd wat u en ek moet voer, die stryd om die waarheid moet ons in God se krag ook met ''n eed kan aanpak.

In eie krag kan ons die stryd nie voer nie, daarom het die Here vir ons die eed gegee. Die eed om in die Here se Naam te getuig van die waarheid. Die stryd tussen waarheid en leuen is 'n stryd waarbinne ons moet stry. Petrus het drie keer gelieg, drie keer in 'n eed het hy Christus verloën, drie keer sou dieselfde Christus hom in 'n eed vra – *Simon, seun van Jona het jy my waarlik lief*…..Simon sou na hierdie eed eers weer Petrus genoem kon word, Petrus moes getuig dat hy vir Christus liefhet, maar om Christus lief te hê, beteken ook om die waarheid lief te hê. Hy wat die waarheid nie liefhet nie, kan onmoontlik vir Christus liefhê. So is ons hele belydenis dan ook saamgestel om die waarheid te beskryf dat ons deur hierdie waarheid Christus al hoe meer kan liefhê.

God se kerk moet waarheid wees, daarom het ons nie nodig om in die kerk te sweer nie. 'n Eedswering is iets wat buite die kerk plaasvind. (Hy wat vanaand in die amp van ouderling

bevestig sal word, plaas homself dan ook nie onder eed voor God as hy bevestigend antwoord nie, hy is reeds onder eed en om voor God "JA" te sê is om in 'n belofte die teenwoordigheid van God te erken, om God se opdragte uit te voer en om die eed wat hier reeds bestaan in die wêreld uit te dra…..) Deur die eed word ons as kerk eintlik na buite gedryf om ok in die Naam van God kragtens die derde gebod vir die wêreld van die waarheid te getuig. Omdat die kerk waarheid is, daarom is die kerk altyd onder eed. Alles wat hier vanaand plaasvind, alles staan onder eed. Die begin van die erediens is die begin van God se eed vorming, ook wanneer die dienaar sy hande oor die gemeente uitsteek waarin God sy kinders seën, dan noem God dit onder eed. Die Here wat by Homself sweer, omdat daar niks en niemand hoër is as Hyself waarby Hy kan sweer nie. Psalm 110 – *Die Here het tot my Here gespreek…..*en dan staan daar later in vers 4 – *die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie…..*

So is ons belydenis nie net 'n saak wat binne die kerk tuishoort nie, maar die hele belydenis moet as 'n eed in GOD SE NAAM die wêreld ingedra word. Wil ons nog die belydenis indra, dit wat die waarheid is, moet onder eed in skool, in lugmag, in maatskappy, op die plaas sy wortels kan laat ingroei. Wanneer ons die belydenis indra dan is ons besig om God se Woord uit te dra, te verkondig. daar waar die belydenis nie staan nie, daar word die fondament van God se Woord nie waarlik erken nie. U kom seker agter dat hier sit eintlik groot dinge aan die deel van ons belydenis vas. Die Here gebied die aanroep van sy Naam, die belydenis van sy Naam, die heiliging van sy Naam. By sy Naam moet jy sweer (Deut.6:4) Ook wanneer die nood dit vereis dan mag ons sweer. Dit is wanneer iemand se lewe in 'n noodsituasie op die spel is. Dit het in die verlede gebeur dat mense dikwels ter wille van hulle lewe na God in 'n eed moes vlug. Die Here het hulle in die eed dan ook uitgered. Die doel van die eed agter alles is en bly dieselfde soos ons belydenis dit stel dat **trou en waarheid bevestig moet word…..**

Dan alleen kan 'n eed reg gebruik word. Die slot van ons belydenis in vraag 101 sê dan ook dat die gelowiges **in die Ou en Nuwe Verbond dit reg gebruik het…..**Abraham het die eed reg gebruik toe hy vir Eliëser laat sweer het deur sy hand onder Abraham se heup in te lê dat hy vir Isak 'n vrou by Abraham se familie sal gaan haal. In 'n noodsituasie het Abraham self teenoor Abimeleg gesweer. U kan Genesis 21:23,24 in die verband lees. Koning Asa wat in 2 Kronieke 15:14,15 die hele volk voor God laat sweer het…..Dawid en Jonathan wat ook teenoor mekaar gesweer het. Hoeveel kere staan die sweer – of die eed formule net nie in die Bybel nie. Jesus Self gebruik dit – As ons lees…..*Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle*….dan

is Jesus en God se diensknegte besig met die eed formule. Paulus gebruik dit in Romeine 1:9; 2 Korinthiërs 1:23; en Galasiërs 1:20 – *En wat ek julle skryf voor die aangesig van God, ek lieg nie!*.....en 1 Thessalonicense 5:27 stel dit ook baie sterk – *Ek besweer julle by die Here dat hierdie brief aan al die heilige broeders voorgelees word*….Hebreërs 6 maak die eed staande praktyk – vers 16 – *Want mense sweer by een wat meer is en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak*….

As ’n eed nie **tot eer van God en tot heil van ons naaste** staan nie, dan word die eed verkeerd gebruik. Dink aan Jefta wie se eed in Rigters 11 vir hom sy dogter se lewe gekos het. Oók Herodus wie se onbesonne eed Johannes die Doper se kop op ‘’n skinkbord laat beland het. Daardie veertig Jode in Handelinge 23 wat hulleself onder eed geplaas het en vervloek het deur nie tee et of te drink voordat hulle Paulus om die lewe gebring het nie.

U sien hoedat die eed ook tot oneer van God en tot nadeel, tot vernietiging van ons naaste gebruik kan word. In die verband is Jesus se woorde in die bergrede van bepalende betekenis, waar dit klink of ons glad nie mag sweer nie – Mattheus 3:34 *Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie*…..later staan daar in vers 37 – *Maar laat julle word wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose*….Hoe moet ons nou die woorde van Jesus verstaan in vergelyking met dit wat ons tot hiertoe uit die res van die Skrif gepraat het? Hierdie uitspraak van Jesus noem ons ’n “masjaal” – uitspraak.

Jakobus 5 bevestig die masjaal in die bergpredikasie as daar staan in vers 12 – *Maar. bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder ‘n oordeel val nie*…..So ‘’n “masjaal” uitspraak staan baie skerp. Wat dit op neerkom is dat ’n sekere punt van die waarheid word so op die voorpunt geplaas word dat die res van die waarheid vir ’n oomblik op die agtergrond verskuif om die een punt baie duidelik te illustreer. Dan eers moet die res van die waarheid weer bygebring word om dit in verband te plaas.

Agter Jesus en Jakobus se woorde staan daar ’n verband wat ’n onhoudbare situasie geskep het. Vanuit die onhoubaarheid mag ’n mens hoegenaamd nie sweer nie! Die onhoudbaarheid was dat mense die eed misbruik het, deur te probeer om God van die eed los te maak. Presies wat by Godslastering gebeur. Godslastering – ’n Mens probeer om God van sy naam los te

maak, die eed waarteen Jesus en Jakobus praat is wanneer mense God van die eed wil losmaak. Die mense het gedink dat ’n mens ’n eed kan gebruik waarby God se Naam nie staan nie, dan sweer ’n mens maar eerder net by die altaar, of by Jerusalem, of by die aarde, of die blote hemel, of by hulleself, jou hoof. So ’n eed sou dan minder bindend wees, minder betekenis het en ook weer gebreek kan word as die Here se Naam nie gebruik word nie.

Ydelheid ken geen perke, want om God se Naam so te probeer leegmaak is dit beslis beter om hoegenaamd glad nie te sweer nie! Al sweer ’n mens net by die hemel of net by die aarde, God word tog indirek betrek. Die bergrede stel dit so duidelik – As ’n mens by die hemel sweer, dan sweer ’n mens by die troon van God. Wie op die aarde by die aarde sweer, sweer by die voetbank van God se voete.

Ons wat uit die Koninkryk van God moet lewe ons eed moet ook ’n koninkryk saak wees. Die eed moet ons daarom spaarsamig gebruik, want die koninkryk is ’n spaarsamige saak, die koninkryk moet gesoek word, dit is nie sommer oral te vinde nie. Ons wat bereid is om die Here se koninkryk te soek, laat ons ook teen die wêreld sweer dat ons kinders van God is. Ons moet dit tot eer van God kan doen, want ons weet Hy is die Kenner van ons harte. God stap dwarsdeur die hart. God stap elke dag dwarsdeur geslote deure heen. God is nie net ’n Getuie as ons die waarheid praat nie, Hy is ook ’n Regter as ons nie die waarheid praat nie. Die mens wat ’n eed aflê is besig om God se teenwoordigheid in te roep. Hy maak God Self die Getuie van wat hy sê.
Hy wat onder eed lieg verwag dat die Here saam met hom moet lieg. Ananias en Saffira het die Heilige Gees op die wyse bedroef. Watter hartseer as die Here sterk en geweldig op die mens sy oordeel laat tref. Ananias en Saffira het dood neergeslaan, Op die ou aarde waar die leuengees deel van die tydsgees is, solank die stryd tussen leuen en waarheid aan die gang is, is die eed nodig om vir die waarheid getuienis te gee. Mag u getuienis nou-al die waarheid wees, waar alles op die nuwe aarde waarheid sal wees.

AMEN